Verwysing: 20180502-1715
12/2/13/6
Navrae: A Henriques

Omsendbrief: 0020/2018
Vervaldatum: 31 Maart 2019

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure, Hoofde: Kurrikulum-koördinering en -advies, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Vakadviseurs en Prinsipale van gewone openbare skole

Kort opsomming: *Aanlyn stelsel op SOBIS vir skole om grade 1 tot 12 se KABV-handboeke te bestel.*

Onderwerp: Aanlyn stelsel vir die bestelling van grade 1 tot 12 se KABV-handboeke

1. Skole in die Wes-Kaap moet elke ingeskrewe leerder van 'n handboek vir elke vak voorsien.

2. Ten einde toe te sien dat alle leerders by elke skool handboeke vir elke vak in 2019 het, word prinsipale versoek om:

2.1 hul verwagte graad-vir-graad-leerderinskrywing vir 2019 te bepaal;
2.2 die verwagte getal addisionele leerders aan die begin van 2019 te bepaal, gebaseer op tendense van die afgelope paar jaar;
2.3 te verseker dat alle ongebruikte handboeke wat tans in stoorkamers is, in ag geneem word; en
2.4 hul handboeke se jaareind-retensiekoers van die afgelope paar jaar in ag te neem.

3. Die inligting in paragraaf 2 moet gebruik word om handboek-aanvullingsbestellings vir 2019 te maak.

4. Skole sal slegs een geleentheid tussen 28 Mei 2018 en 08 Junie 2018 kry om al hulle aanvullende handboeke te bestel met behulp van die aanlyn stelsel wat deur die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) daargestel word. Dit beteken dat skole tyd moet neem om hulle aanvullende handboekbehoeftes noukeuring vir 2019 te beplan, met inagneming van al die faktore aangedui in paragraaf 2.

5. Die norme-en-standaarde (N&S)-toewysings van skole se leer-en-onderrigondersteuningsmateriaal, sal gebruik word om aanvullende handboeke en leerdergroeihandboeke in Januarie 2019 te betaal.

6. Indien skole nie voldoende N&S-toewysings beskikbaar het om te betaal vir die aanvullende handboeke en leerdergroeihandboeke wat aanlyn bestel word nie, moet 'n aansoek om finansiële bystand by die WKOD ingedien word. Die aansoek moet op die aangehegte vorm voltooi word en die rede vir die versoek om finansiële bystand aandui. Hierdie vorm moet deur die prinsipaal onderteken en geskandeer word waarna dit teen 22 Junie 2018 aan aletta.knipe@westerncape.gov.za ge-e-pos word.

7. Skole word aangemoedig om hul voorbereidings voor die aanlyn vasleggingstydperk af te handel en hul aanvullende handboekbehoeftes vanaf die dag wat die aanlyn stelsel op 28 Mei 2018 oop is, vas te lê.

8. Wanneer toegang tot SOBIS verkry word, kies die *Administration* -opsie op die keuselys en kies dan *CAPS textbook top-up* vanaf die aftuimellysie. 'n Subkieslys sal verskyn, wat dan toegang tot die vasleggingskerm en die *How to guide* sal bied. Skole word aangemoedig om, voor die vaslegging van aanvullende handboekbestellings, hulself vertroud te maak met die inhoud van die *How to guide*.

9. Verwys asseblief na die verwelkomingsnota en handleiding op SOBIS om vas te stel wie gekontak moet word indien enige probleme met die vaslegging van die aanvullende handboekbestellings ondervind word.

10. Sodra die bestelling aanlyn deur die prinsipaal gekontroleer en afgeteken is, moet die skool 'n harde kopie van die geverifieerde bestelling druk, kontroleer dat dit korrek is en op rekord plaas.

11. Dit het onder die aandag van die WKOD gekom dat skole daartoe geneig is om die aflewering van bestellings wat verkeerdelik deur die skool geplaas is, te weier, wat dan finansiële implikasies vir verskaffers veroorsaak. Verskaffers of hul afleweringsagente is onder geen verpligting om bestellings wat korrek afgelewer is, terug te stuur nie. Prinsipale word daaraan herinner dat die skool finansieel aanspreeklik is vir alle bestellings wat via SOBIS geplaas word. Die skool het dus geen ander keuse as om die aflewerings ooreenkomstig 'n amptelike bestelling te aanvaar nie.

12. Bring asseblief die inhoud van hierdie omsendbrief onder die aandag van alle betrokke personeel.

GETEKEN: BK SCHREUDER
HOOF: ONDERWYS
DATUM: 2018-05-12

Western Cape Government
Education

Annexure A

APPLICATION FOR FINANCIAL ASSISTANCE: TOP-UP TEXTBOOKS FOR 2019

Name of school: _____

EMIS No.: _____

District: _____

State the amount still available for LTSM norms and standards:	**R**

Describe the school's reason for requesting financial assistance:

Name and signature of Principal: _____

Date: _____

The completed and signed form must be scanned and emailed to the following email address by 22 June 2018: Aletta.Knipe@westerncape.gov.za